

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
12 Februarie 1978

Onderwerp: Dit is julle uur

Lees: Lukas 22 verse 47 tot 53

Teks: Lukas 22 vers 53

Sing: Psalm 48 vers 4  
Gesang 125 verse 1 en 2

“Ons staan hier by Jesus Christus se gevangening. Getsémané met sy worsteling was verby. Toe het die helse magte op Hom aangestorm met swaarde en stokke, soos teen ’n rower.

“Dit was nie hulle wat die tyd bepaal en besluit het dat dit ’n geskikte geleentheid was nie. Nee, Jesus Christus het dit bepaal. Hy het self gesê: ‘Dag vir dag was Ek saam met julle in die tempel, en julle het nie die hande teen My uitgesteek nie. Maar dit is julle uur’. (Luk 22:53)

“Jesus Christus was volkome bewus van sy taak as Middelaar. Hy moes die smaad en die hoon van die sonde dra, waartoe elke sondaarmens bygedra het om sy smart te verhoog. Daarom het Hy daar op sy lydingspad plek gemaak vir die magte van die duisternis om hulle venynige geweld teen Hom te openbaar. En toe die tyd aangebreek het, was hulle verplig om dit te doen.

“Hulle het wel deeglik daarvan gebruik gemaak en met swaarde en stokke op Hom toegesak. Jesus Christus is bespot en hulle het ’n karikatuur van Hom gemaak met ’n riet as septer in sy hand. Hulle het Hom geslaan en in sy gesig gespoeg.

“Maar Broers en Susters, daar was meer as net dade van mense betrokke. Dit was die mag van die duisternis wat daaragter was. ’n Wêreld van onheiligheid het na vore gekom, in kontras met Jesus Christus se vlekkelose gestalte. Dit het ook duidelik geblyk uit die jaloesheid van die owerpriester en skrifgeleerdes.

“Maar dit was terselfdertyd God se wil dat Jesus Christus as Middelaar moes ly. Die koringkorrel moes sterwe om nuut uit te spruit en te lewe. Jesus Christus het Homself tot die dood verneder in volle gehoorsaamheid aan God se wil. En ondanks die aanmoediging, het Hy nie van die kruis afgekome nie,

maar gewillig gekies om aan God se geregtigheid te voldoen. Hy was weldra aan die kruis deur God en mens verlaat. Só het Hy as borg aan die kruis vir ons die magte van die duisternis oorwin en die venyn en krag van hierdie helse magte kragteloos gemaak. Hy het aan die geregtigheid van God voldoen en só ten volle betaal vir die sonde, die angel van die dood.

“Maar ‘dit is julle uur’ geld ook vir almal wat hulle sonde verwaand teen God en sy gebod stel. Hulle wat roekeloos voortlewe en hulle tonge teen die Hemel stel om God te belaster en sy Gesalfde te hoon. Hulle wat Jesus Christus se duurgekoopte Kerk en sy werk van genade op aarde bespot.

“Maar laat elkeen kennis neem, dat ook die magte van duisternis, wat soveel meesleur na die verderf, nie onbeperkte tyd het nie. Weldra sal ook vir hulle die uur van God se oordeelswerk slaan. Laat almal wat besig is om dit tot ’n hoogtepunt te voer, dit hoor en gewaarsku wees. Laat almal hoor wat in sonde lewe, hulle liggame deur sonde verniel, wat in haat en nyd lewe en hulself handhaaf.

“Sedert die val en ongehoorsaamheid van Adam en Eva probeer die mens om sy eie god te wees. Hy wil op aarde alleenreg en seggenskap hê. En as Jesus Christus kom as die Vleesgeworde Woord van God, dan moet Hy gevange geneem en uit die weg geruim word. As Jesus dit waag om hierdie sondewêreld te betree, dan word Hy gehaat. Dit is hierdie wêreld waarin ons lewe, wat uitroep: Weg met Jesus Christus!

“Ons hoor so dikwels van verdraagsaamheid en ruimteestigheid in hierdie wêreld, maar vir God en sy Seun is daar nie plek nie. Hier bly die kreet: Weg met Hom! Kruisig Hom!

“Maar intussen is God besig om sy boeie te smee en aan te lê. Ons hoor dit in die lyding van die sugtende skepping. Hoe baie is daar wat met angs besef dat die boeie van die sonde hulle steeds vaster vat en dat hulle tevergeefs probeer om daaruit te ontsnap. Die beweegruimte van die spartelende wêreld om uit hierdie bedreiging te kom, word steeds minder. Hulle word steeds nouer ingeperk. Duisende harte wil reeds in wanhoop vergaan.

“En hoe werk hierdie gesindheid nie ook deur na die gelowiges nie. Ons ken ons roeping in die huisgesin; ons volkslewe; asook ons lewe wat dankbaarheid teenoor Jesus Christus moet betoon en ons plig om die Kerk van Jesus Christus in stand te hou. Maar as die Woord van God tot ons kom, is daar baie wat hulle nie

daaraan steur nie. Nee, ons neem veel eerder die Woord gevange en slaan dit in boeie met allerlei argumente om dit kragteloos te maak en uit ons lewens te ban. Gevolglik maak ons nie ons harte oop vir God en Jesus Christus se genadewerk in ons nie. Nee, die mens wil eerder gebind word deur sondebande van selfsug en eiegeregtigheid.

“Maar daar sal ’n einde aan kom en dan sal alles so anders wees. As Jesus Christus dit nie kon ontvlug nie, hoe sal die mens dit ontvlug? Dit is dieselfde plek waarin die sondaarmens self in die eindoordeel voor God sal staan. Dan sal ook die veroweraar van die wêreld soos ’n skaap ter slagting gaan.

“Die loon van die sonde is die dood. Dit bind die mens en maak die mens onmagtig. Die magte uit die afgrond slaan oral toe en sleep mee na die verderf. Al ruk die mens ook hoe aan die lydingsboeie en al kerm die wêreldlewe ook hoe daaronder, buite Jesus Christus is daar geen ewige ontkoming nie. Die mens, die kroon van God se skepping, is in boeie geslaan en staan in Jesus Christus veroordeel. Die oordeel hang swaar oor hom. Hoeveel lewe nie met ’n hart vol angs en beklemming nie? Hoe vreeslik is dit om te val in die hand van die Lewende God.

“En tog is God se genade hier aan die werk. Jesus Christus is die borg in ons plek. Jesus Christus het Hom laat bind, om my te ontbind. Hy maak die bande los. Dan kan ons oor diegene wat ly, uitroep: O hoopvolle gevangene, Jesus Christus roep ons vrylating uit. Hy laat geboeides vry uitgaan.

“Dit geld ook vir vele wat in smart die einde op ’n siekebed moet afwag en saam met die Psalmdigter moet kla: ‘Bande van die dood het my omring, en angste van die doderyk het my getref; ek het benoudheid en kommer gevind.’ (Ps 116:3) Wat ’n troos om onder sulke omstandighede te weet dat Jesus Christus dit alles in my plek deurworstel het.

“Jesus Christus het opgestaan en die dood oorwin. As ons gewillig is om die vlees te kruisig, dan sal Hy in ons opstaan tot ’n nuwe lewe. Deur Jesus Christus se opstand is daar nuwe lewe, lewe tot in ewigheid.

“Laat hierdie gedagte vir ons ’n ligpunt wees in die nag van donkerte en smart. Selfs die dood kan ons nie bind nie.

“Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en die rykdom en die wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof tot in ewigheid.

“En in ons harte weerklink die helder  
geloofsoortuig:

“Ek sal nie kwyn in slawebande

“wat my ter dood toe wil omknel

“ek sal nie sterf deur vyandshande

“maar al God’s werke bly vertel.

“Amen.”